Afrika-diversiteitsdag word vandag in Suid-Afrika gevier as deel van die Verenigde Nasies (VN) se Wêreld-diversiteitsdag om die verskillende kulture te vier en hande na mekaar uit te reik. Volksblad se joernaliste het met mense van verskillende agtergronde in die streek gaan gesels wat baie vir hul gemeenskappe doen. Hier is hul stories.

Estie Vlok Foto: CONRAD BORNMAN VB 25/5/2012 p. 9.

Vrou wys pasiënte die pad vorentoe

Jana van der Merwe

"MENSE hier het nie 'n keuse oor siekte en dood nie. Elkeen wat hier aankom, het nóg 'n kans op die lewe gekry."

Só sê Estie Vlok, mediese maatskaplike werker van die Pelonomi-streekshospitaal in Bloemfontein.

Die maatskaplike afdeling hier gee aan maklik 300 tot 400 pasiënte traumaberading per maand en Vlok moes in haar jare by Pelonomi die omvang van talle rampe in die Vrystaat eerstehands beleef.

Verlede week se SA Roadlink-busramp by Springfontein, waar sy 27 pasiënte moes spreek, en die tragiese Lohatlha-skietramp in 2007 in die Noord-Kaap, onthou sy soos gister.

Vlok sê die eerste stap is om die situasie te ontlont sodat die pasiënt positief ingestel is vir sy of haar holistiese herstel.

"Mens leer elke mens se menswees is dieselfde ongeag sy of haar kultuur. Elkeen se vrese en vrae is dieselfde. 'Hoekom ek?' "

Al sien sy 'n pasiënt net een keer, is dit belangrik dat die pasiënt die rouproses se fases van ontkenning, woede, hartseer, onderhandeling en aanvaarding begryp.

> **Mens leer elke mens se menswees is dieselfde ongeag sy of haar kultuur. Elkeen se vrese en vrae is dieselfde.**
>
> — ESTIE VLOK

Elkeen se rouproses is egter uniek.

"Ons begin nie almal by dieselfde fases van rou nie, maar ons moet almal deur die fases gaan en weet wanneer 'n fase te lank aanhou."

Só doen Vlok daagliks haar deel om mense ongeag ras, kultuur, geslag, ouderdom of godsdienstige oortuiging ná 'n terugslag die pad vorentoe te wys en hulle te help om hul tweede kanse aan te gryp.